Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

22 Mei 2024
OB 20

Beste Ouers

Ons het hierdie week ons laaste sport van die kwartaal, aangesien die gekontroleerde toetsreeks eerskomende Vrydag vir gr. 7 begin. Baie dankie aan almal wat ons die afgelope kwartaal ondersteun het met sport, hetsy met hulp by stalletjies, donasies of as ondersteuner. 'n Groot dank aan al die ouers wat help met afrigting. Sonder u sou ons nie soveel spanne die geleentheid tot deelname kon gee nie. Dankie vir al u persoonlike tyd wat u hiervoor opoffer.

Die toetsreeks wat begin, is 'n formele toetsreeks en eksamenreëls geld. Leerders wat afwesig is moet 'n mediese sertifikaat van die dokter, kliniek of hospitaal inhandig. In geval van uitsonderlike omstandighede, bv. dood in die familie wat verhoed dat 'n leerder toets skryf, moet dit vooraf met die hoof uitgeklaar word. In enige ander geval word die leerder beskou as afwesig sonder verskoning, wat 'n impak op hul kwartaal se resultate sal hê. Sien asb. die volgende uittreksel, soos deur die WKOD deurgegee:

> **Onderwerp: Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2024**
>
> 2.2 Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde eksamen- en assesseringstydperk verpligtend vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

Ons herinner u daaraan dat die nasionale Verkiesing op 29 Mei sal plaasvind en dat die skool gesluit sal wees.

Die skool sluit op 14 Junie om 10:30. Leerders wat afwesig is se rapporte sal vanaf 10:15 in die saal beskikbaar wees. U gebruik die ingang by die aflaaisone en gebruik dan asb. die sydeur van die saal om die rapporte af te haal. Sertifikate van leerders wat afwesig is sal in volgende kwartaal in die klasse oorhandig word. U sal soos gebruiklik 'n kwartaalverslag saam met die rapporte ontvang.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Optimisties en positief
BrainTribe:
BrainBuddy: "Besluit om waarheidliewend en vry van bedrog te wees. Openhartig, opreg, nie bedrieglik of misleidend nie. "

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 22 Mei	IF Interne redenaars (Gr. 4 en 5): 13h21 – 14h15 Hokkie vs Ashton (gekanselleer deur Ashton) Storieskip Gr.4 Studiemetodes
Donderdag, 23 Mei	Rugby en netbal: Ashbury (weg) Zoetendal Interskole-redenaarskompetisie
Vrydag, 24 Mei	EKSAMEN BEGIN (Gr.7: Geskiedenis/SK) Entrepreneurs: Prefekte Robertson Voorbereiding Sportdag: Hokkie
Saterdag, 25 Mei	Robertson Voorbereiding Sportdag: Rugby en Netbal Laaste sport vir die kwartaal
Maandag, 27 Mei	EKSAMEN (Gr.7: LO)
Dinsdag, 28 Mei	EKSAMEN (Gr.4-6: NWT) EKSAMEN (Gr.7: EBW)
Woensdag, 29 Mei	STEMDAG (Skool gesluit)
Donderdag, 30 Mei	EKSAMEN (Gr.4-6: Afrikaans) EKSAMEN (Gr.7: Engels)
Vrydag, 31 Mei	EKSAMEN (Gr.4-6: Engels) EKSAMEN (Gr.7: Afrikaans) GF boeke huis toe Entrepreneurs: Ope

LM SKAKEL BESTELLINGS

Bestel jou LM Skakel teen Vrydag, 24 Mei 2024. Slegs R5!

Leerders wat die LM Skakel bestel, mag Donderdag, 13 Junie 2024 gewone klere aantrek.

SPORTVERGADERING
3 Junie 2024 – 18:00

Beste Ouers.
U word uitgenooi om 'n algemene sportvergadering op bogenoemde datum by te woon.
Ons wil bietjie gedagtes wissel rondom die sport en sportprogram by die skool.

Kontrole toetse - Junie 2024

Datum	Graad 4 - 6	Graad 7
Vrydag, 24 Mei		GESKIEDENIS/SK
Maandag, 27 Mei		LO
Dinsdag, 28 Mei	NWT	EBW
Woensdag, 29 Mei	STEMDAG	
Donderdag, 30 Mei	AFRIKAANS	ENGELS
Vrydag, 31 Mei	ENGELS	AFRIKAANS
Maandag, 3 Junie	GESKIEDENIS	NW
Dinsdag, 4 Junie	WISKUNDE	GEOGRAFIE
Woensdag, 5 Junie	GEOGRAFIE	WISKUNDE
Donderdag, 6 Junie	PSW	TEGNOLOGIE

Personeel verjaarsdae:

Marna Otto: 23 Mei

Lizenke de Kock: 26 Mei

LESERS/SKRYWERS TYDENS EKSAMEN

Ons het 'n behoefte aan mense wat ons tydens eksamens kan help met leerders wat 'n leser of 'n skrywer nodig het. Indien u tydens die eksamen SOGGENS beskikbaar is vir 'n uur of twee, kontak asseblief vir Me. Maryn Stemmet by 082 967 7289. Die skool sal die nodige opleiding hiervoor verskaf. Daar sal ongelukkig geen vergoeding wees nie.

Indien u meer wil uitvind, is u ook welkom om Me. Stemmet te kontak.

Uitslae – Overberg Sportdag: 18 Mei 2024

Netbal

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 1, verloor 1	Lena Bussell
o. 7B	Gelyk 1, verloor 1	Nina Jordaan
o. 8A	Verloor 2	Carmelitha Fisagie
o. 8B	Gelyk 1, verloor 1	Nazeem Jones
o. 9A	Wen 1, gelyk 1, verloor 1	Nanika van der Walt
o. 9B	Wen 1, verloor 1	Hope Muller
o. 10A	Wen 1, verloor 1	Hay-Lee Plaatjies
o. 10B	Verloor 3	Kimberly Minnaar
o. 11A	Wen 2, gelyk 1	Megan Prinsloo
o. 11B	Wen 2, verloor 1	Joe-Dean Claassen
o. 12A	Wen 2	Hereetha de Koker, Cari Conradie
o. 13A	Verloor 2	Ilke van Deventer
o. 13B	Verloor 2	Ivanah Pekeur

Rugby

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 2, verloor 1	Thyro Lekay
o. 7B	Verloor 2	Noah Booysen
o. 8A	Wen 1, verloor 2	André van Deventer
o. 9A	Wen 1, verloor 1	Caleb Daly, Ben Rautenbach, Steyn Stemmet
o. 9B	Wen 1, verloor 1	Alonzo Antoné, Duren Maurice
o. 11A	Wen 2	Josua du Toit
o. 11B	Wen 1, verloor 1	Daniël Gous
o. 13A	Wen 1, verloor 1	Shawnley Brown, Ruben van Niekerk
o. 13B	Verloor 2	Rikus van der Walt

Uitslae vs WA Rossouw: 16 Mei 2024

Netbal

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	15 – 0	Geneva Pekeur
o. 8A	2 – 8	Athayliah Hoffman
o. 9A	3 – 3	Khleo Sauls
o. 10A	10 – 1	Chenia Plaatjies
o. 11A	6 – 5	Alrene Alexander
o. 12A	22 – 2	Hele span
o. 13A	27 – 4	Mariké-Mari McAlpine
o. 13B	8 – 7	Gailynne Saaiman

Rugby

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	30 – 0	Luke Faro
o. 8A	25 – 5	Josua Jonkers
o. 9A	30 – 0	Beauden Smit, Barrett Smit
o. 11A	40 – 5	Viljoen Conradie
o. 13A	17 – 0	Christiaan van Eeden

Uitslae – Swellendam Sportdag: 17 Mei 2024

Hokkie

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A seuns	Wen 1, verloor 1	Hugo du Plessis
o. 7B seuns	Wen 2	Zion du Toit
o. 7A dogters	Wen 2	Cari van Deventer
o. 8A seuns	Wen 2, verloor 1	Mekonnen Vermeulen
o. 8B seuns	Wen 2	Reinhardt van der Linde
o. 8A dogters	Verloor 2	Anna Steyn
o. 8B dogters	Wen 1, verloor 1	Aaliyah Sebonka
o. 9A seuns	Wen 1, verloor 1	Ben Rautenbach
o. 9B seuns	Wen 3	Caleb Daly
o. 9A dogters	Wen 2, gelyk 1	Jean-Kate Smit
o. 9B dogters	Wen 1, verloor 1, gelyk 1	Mari du Plessis
o. 11A seuns	Verloor 2	De Wet Southey
o. 11B seuns	Gelyk 1, verloor 1	André Bosman
o. 11A dogters	Verloor 2	Mia Vorster, Adia Philander
o. 11B dogters	Verloor 2	Jordan-Lee Stallenberg
o. 13A seuns	Gelyk 2	Rikus van der Walt
o. 13B seuns	Wen 1, gelyk 1, verloor 1	Neil Meyer
o. 13A dogters	Wen 1, gelyk 1	Confi Ramabulana
o. 13B dogters	Wen 1, gelyk 1	Carolina Smit, Doné Koker

GIMNASTIEK

'n Aantal Monties het aan die "Cape Winelands Gymnastic District Competition" deelgeneem en pragtig presteer. Sien gerus op die Facebookblad hul individuele prestasies – hulle het behoorlik medaljes ingepalm! Baie geluk aan die volgende dogters, wat opgeneem is in die Kaapse Wynland Distrikspan en wat gaan deelneem aan die Wes-Kaap kampioenskappe in Augustus. Baie geluk aan: Gemma Cole, Mia Vorster, Monya van der Merwe, Nanika van der Walt en Wilné Joubert.

GF Interne Redenaars

Op 15 Mei 2024 het 3 brawe GF leerders deelgeneem aan die interne redenaarskompetisie. Baie geluk aan die volgende leerders:

Ellie Bussell - 1ste plek,
Sebastian du Plessis - 2de plek
Mekonnen Vermeulen - 3de plek

Ons is trots op jul mooi toesprake!

Boland o. 13-Akademierugbyspan

Jenö Jacobs is gekies vir die Boland o.13-Akademierugbyspan.
Baie geluk en sterkte vorentoe!

Spanne vir Donderdag (23 Mei 2024) teen Ashbury (weg)
Netbal: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 10A, o. 11A, o. 12A, o. 13A
Rugby: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 11A, o. 13A
NB!!!! Geen sportoefening nie

Spanne vir Saterdag (25 Mei 2024) – Robertson Voorbereiding Sportdag
Netbal: o. 7A+B+C, o. 8A+B+C, o. 9A+B
Rugby: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B